Laat julle as lewende stene opbou tot 'n geestelike huis,
om 'n heilige priesterdom te wees en geestelike offers te bring
wat deur Jesus Christus vir God welgevallig is.

- ***1 Petrus 2:5***

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel.
Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring wat deur Jesus Christus welgevallig is.

OPENING

Hoor hoe gaan dit met elkeen (spandeer tyd saam om te luister en te ontdek)
Sê vir die Here dankie vir julle groep en dat julle saam deel van die familie van God kan wees.

KOM ONS BEGIN

Deel met mekaar wat was die mees spesiale gekenk wat jy al ooit ontvang het
Deel met mekaar watter geskenk jy vir iemand sou wou gee as jy onberperkte fondse gehad het

Ns. Onthou asb om jou steen kerk toe te neem wat jy by die erediens gekry het.

- **Julle kan ook as groep jul stene nommer en bymekaar sit.**

Die kerk bestaan uit lewende stene wat in een gebou saamgevoeg word. Ek en jy vorm deel van God se gebou, ons is ingemessel. Daarom is eensgesindheid belangrik en dat ons as lewende stene een doel voor oë sal hou - die missie waarop God ons (die kerk) op sit.

Om hierdie heilige priesterdom te wees vra dat ons Geestelike offers sal bring watdeur Jesus Christus welgevallig is.

Om geestelik te groei het jy die gemeenskap van gelowiges om jou nodig

---

KOM ONS LEES

1 Korintiërs 3:10-15

10 Volgens die genade wat God my gegee het, het ek soos 'n goeie bouer die fondament gelê, en
'n ander bou daarop. Maar hy moet mooi kyk hoe hy verder bou, 11 want niemand kan 'n ander
fondament lê as wat reeds gelê is nie. Die fondament is Jesus Christus. 12 Of dit goud, silwer,
edelstene, hout, gras of strooi is waarmee iemand op die fondament bou, 13 elkeen se werk sal
aan die lig kom. Die dag wanneer Christus kom, sal dit duidelik word. Die dag kom met vuur,
en die vuur sal die gehalte van elkeen se werk toets. 14 As iemand se bouwerk bly staan, sal hy
beloon word; 15 as iemand se werk verbrand, sal hy nie beloon word nie, en tog sal hy self gered
word, maar soos iemand wat uit die vuur geruk is.

INHOUD & GESPREK

Elkeen van ons is bouers van hierdie gebou (die kerk). Ons almal is lewende stene wat ingemessel wordvir die doel van die gebou. Paulus deel in Korintiërs die verantwoordelikheid waarmee ons hierdie bouwerk aanpak. Hy noem dinge wat moet gebeur en hy noem dinge wat definitief nie moet gebeur nie.

Wat dink jy is die dinge wat moet gebeur en (2) wat is die dinge wat nie moet gebeur nie.

_____

_____

_____

In jou eie ervaring (hier by Jeffreysbaai of by 'n vorige gemeente) hoe dink jy is die kerk 'soms' besig om met stene te bou wat nie die toets van God se doel vir die kerk sal kan weerstaan nie? OF wat dink jy trek ons aandag af om werklik kerk wees?

_____

_____

_____

VERDERE GESPREK OF NADENKE

Twee tekste wat ons kan help om die doel van kerk en ons lidmaatskapdaaraan kan verstaan:

1) Die groot Gebod: Matt 22:36-40
2) Die groot Opdrag: Matt 28:18-20

Uit hierdie twee tekste wat dink julle moet die doelwit van kerk en lidmaatskap wees?

1)
2)
3)
4)
5)

UIT SONDAG SE EREDIENS

Wanneer ons verstaan dat elke gemeente ons juis die geleentheid gee om hierdie doelwit uit te leef besef mens wat se groot geskenk die kerk is vir ons. Ons verstaan dan dat God eintlik vir ons baie goed was om vir ons die kerk te gee. Die kerk is ‘n geskenk want:

1) Jy ontdek God se doel waarvoor jy leef
2) Jy leef saam met God God se mense
3) Jy ontdek God se beginsels vir jou lewe
4) Jy leer ken God se gawe vir jou
5) Jy leer leef in God se krag vir jy lewe

MAAK VAS

Dink na oor die volgende

“Ons gee deur ‘n gemeente en Nie vir ‘n gemeente nie. Wat verstaan jy met die woorde?

_____

_____

_____

Wat beteken my lidmaatskap in Jesus se kerk vir my?

Gebed

U is heilig, daarom is U kerk heilig soos 1 Kor 3 sê. Here lei en help my om dit wat U in my inmessel en plant, altyd beskikbaar te laat wees om kerk te help ophou en uitbou. Dankie dat ek kan behoort. Dankie dat U deur my 'n verskil in die wêreld maak!

Amen

NOTAS